



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

VRYSTAAT

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.

ASSESSERINGSRIGLYNE

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Sien elke keer slegs die eerste sin of feit na.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik, word daardie vreemde woord geïgnoreer.
Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- **Aanhalings uit die leesstuk:**
Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- **Eenwoord-antwoorde:**
Indien die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- **Ja/Nee-vrae:**
Geen punte word vir Ja/Nee toegeken nie.
Die rede of motivering moet korrek wees.
- **Waar/Onwaar-vrae:**
-Waar/Onwaar is KORREK = ✓
plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
-Waar/Onwaar is KORREK = ✓
maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
-Waar/Onwaar is VERKEERD = x
Die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x,
ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- **Meervoudigekeuse-vrae:**
Slegs die regte letter gegee. ✓
Slegs die regte antwoord, sonder die betrokke letter. ✓
Volsin gegee met regte antwoord in. ✓
- **Oop vrae**
Rede/motivering KORREK = ✓
GEEN punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE.

VRAAG 1:**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**[Verwerk uit *Huisgenoot*, 6 September 2012]**(347 woorde)**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
1.1	(Oor) Kaapstad	1	2	2	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sewe • 7 (Enige EEN)	1	2	2	1
1.3	(Met 'n) tafel	1	2	2	2
1.4	Maclear se baken/punt <i>(Indien "se baken/punt" uitgelaat word, is dit verkeerd.)</i>	1	2	2	1
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • Duiwelspiek • Leeukop (Enige EEN)	1	2	2	1
1.6.1	'n Mening	1	2	2	2
1.6.2	"Volgens 'n legende"	1	2	2	2
1.7	<ul style="list-style-type: none"> • 4 Oktober 1929 • 04/10/1929 <i>(Volle datum moet gegee word, "October" word nie aanvaar nie. Enige vorm van die numeriese datum word aanvaar.)</i>	1	2	2	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • C • C Die weer kan skielik verander. • Die weer kan skielik verander. (Enige EEN)	1	2	2	2
1.9.1	Onwaar	1	2	1	2
1.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die blomme/plante is deel van die beskermde Kaapse Blommegebied. • Die blomme/plante is in 'n beskermde area. • Die blomme/plante op die berg word beskerm. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	2
1.10.1	(Die) dassies	1	2	2	1
1.10.2	<ul style="list-style-type: none"> • Een van die dassies waarsku die groep (as daar gevaar is/teen vyande). • Een dassie hou wag/is 'n wag. • Die wag waarsku die ander/die groep teen gevaar. (Enige EEN) <i>(Nie afhanklik van 1.10.1 nie)</i>	1	2	2	2

1.11.1	Onwaar	1	2	1	2
1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> • (Net) vyf (5) van die slangsoorte is giftig. • Daar is sewentien (17) soorte wat nie giftig is nie. (Enige EEN) 	1	2	2	2
1.12	<ul style="list-style-type: none"> • (Die) Tafelbergse spookpadda. • Spookpadda (Enige EEN) 	1	2	2	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> • Ses (maande) • 6 (maande) (Enige EEN) 	1	2	2	2
1.14	natuurskoon	1	2	2	2
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • Om die gebied te bewaar/beskerm. • Om die gebied wat vir mense reg oor die wêreld van belang is, te bewaar. • Om die gebied vir die nageslag te bewaar. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
1.16	<p>JA. Moontlike antwoorde:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tafelberg is baie mooi/verdien om een van die wonders te wees. • Die hele wêreld weet nou van Tafelberg. • Baie mense kom om na Tafelberg te kyk. • Dit is goed vir ons land se ekonomie./Dit lok toeriste. (Enige EEN of soortgelyk) <p>NEE. Moontlike antwoorde:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ek dink daar is ander plekke wat mooier as Tafelberg is. • Ek dink nie dat Tafelberg so mooi is nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3

DENKVLAK 1: 7/20 (35%) DENKVLAK 2: 11/20 (55%) DENKVLAK 3: 2/20 (10%) = 100%

SUBTOTAAL: 20

TEKS B: INFORMATIEWE TEKS[Verwerk uit *Kuier*, 10 Oktober 2012]**(120 woorde)**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
1.17	Breyton Paulse	1	2	2	1
1.18	<ul style="list-style-type: none"> R8 Agt rand (Enige EEN) 	1	2	2	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> Bl. 18/P.18 18 Bladsy agtien Agtien (Enige EEN) 	1	2	2	1
1.20	Vark(-vleis)	1	2	2	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> “hope” hope (Enige EEN) 	1	2	2	2
1.22	<ul style="list-style-type: none"> D Die vrou loop oral in die dorpie rond om siekes te help. D Die vrou loop oral in die dorpie rond om siekes te help. (Enige EEN) 	1	2	2	2
1.23.1	Waar	1	2	1	2
1.23.2	<ul style="list-style-type: none"> Daar is 'n prent/foto van koek in die leesstuk. Daar is vier bladsye vol eetgoed vir die soettand (van bladsy 28 af). Die woord “soettand”. (Enige EEN of soortgelyk) 				
1.23.1	Onwaar	1	2	2	2
1.23.2	<ul style="list-style-type: none"> Daar is nie net op bladsy 30 resepte vir koek of lekkers nie. Daar is vier bladsye vol resepte. 				
1.24	<ul style="list-style-type: none"> Mense sukkel in die lente/hierdie tyd van die jaar/Okttober meer met allergieë. Om lesers te waarsku dat hulle kan siek word. Om mense met allergieë te help. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3

1.25	<ul style="list-style-type: none"> • Mense wat nie werk het nie. • Mense wat nie baie geld het nie, (maar graag hul eie besigheid wil begin). • Mense wat graag 'n besigheid wil begin, maar nie baie geld het nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
DENKVLAK 1: 4/10 (40%) DENKVLAK 2: 4/10 (40 %) DENKVLAK 3: 2/10 (20%) =100%					
					SUBTOTAAL: 10
					TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING[Verwerk uit *Huisgenoot in die klaskamer: Skooltake*]

(194 woorde)

ALGEMEEN:**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

Feit	7
Taal	<u>3</u>
	= 10

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

LET WEL:**Formaat:**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 60 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 50), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Algemeen:

- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 65 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.
- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, en nie deurgehaal of as rofwerk aangedui word nie, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s = 3 woorde.

VRAAG 2: KULTUURGROEPE**FEITE**

- *Indien die naam van die kultuurgroep nie in die antwoord verskyn nie, moet dit korrek genommer word volgens die leesstuk.*

	VERWAGTE ANTWOORDE	TEKS
1.	Die Khoisan se rotstekeninge het bewaar gebly.	Die Khoisan bestaan uit verskillende stamme. Vroeër was sommige stamme beesboere en ander het wilde diere gejag en wortels en vrugte bymekaargemaak om te eet. Die Khoisan se rotstekeninge het vir die nageslag bewaar gebly.
2.	<i>Lobola</i> is 'n Xhosa-tradisie wat vandag nog gevolg word.	Die Xhosas woon hoofsaaklik in die oostelike deel van Suid-Afrika. Nelson Mandela is seker die heel bekendste Xhosa. Lobola is 'n belangrike Xhosa-tradisie wat vandag nog gevolg word. Lobola beteken dat 'n man met beeste of geld vir sy bruid kan betaal.
3.	Die Zoeloes se kralewerk beeld verskillende betekenis uit.	Die Zoeloes woon in KwaZulu-Natal. Zoeloe is die grootste huistaal en ook die taal wat die meeste Suid-Afrikaners verstaan. Die Zoeloes maak baie mooi kralewerk wat boodskappe oordra.
4.	In die Ndebele-kultuur word huise baie mooi versier.	Die Ndebeles bestaan uit twee groepe, die Noord-Ndebeles en die Suid-Ndebeles. Hulle is kunstige mense. Hulle is veral bekend daarvoor dat hulle hul huise baie mooi versier.
5.	Swazi-vroue se (tradisionele) mandjies (uit sisalvesel) is mooi.	Die Swazi's woon veral naby die grens van Swaziland. Swazi-vroue maak baie mooi tradisionele mandjies uit sisalvesel.
6.	<ul style="list-style-type: none"> • Die Suid-Sotho's dra graag helderkleurige komberse en strooihoede. • Die Suid-Sotho's dra graag helderkleurige komberse. • Die Suid-Sotho's word geken aan hul geweefde strooihoede. 	Die Suid-Sotho's gebruik soms nog perde as vervoermiddel. Musiek speel 'n belangrike rol in hulle lewens. Die Suid-Sotho's word geken aan hul helderkleurige komberse en geweefde strooihoede.
7.	Die Tsongas is bekend vir hulle myndanse.	Die Tsongas woon hoofsaaklik in Limpopo. Hulle is ook baie lief vir musiek. Die Tsongas is bekend vir hulle myndanse wat op die maat van tromslag en ander instrumente gedans word.
	GETAL WOORDE= (50 – 60/ 65 maksimum) Hierdie opsomming is 55 woorde.	GETAL WOORDE = 207 (Disjunktief ± 200 woorde)
DENKVLAK 1: 0/10 (0%) DENKVLAK 2: 0/10 (0%) DENKVLAK 3: 10/10 (100%) = 100%		
TOTAAL AFDELING B: 10		

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE** [Verwerk uit *WEG*, September 2008]

- **Spelling moet korrek wees om punt te verdien.**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
3.1	neefs / nefies	1	4	1	1
3.2	kafeetjie	1	4	1	1
3.3	vreemde	1	4	2	3
3.4	katte	1	4	1	1
3.5	meeste	1	4	1	1
3.6	tuinhekkie (<i>moet EEN woord wees</i>)	1	4	1	1
3.7	stadig	1	4	1	1
3.8	Sies tog(!)	1	4	2	1
3.9	op	1	4	2	1
3.10	amper/omtrent/ongeveer/feitlik/straks	1	4	1	3
3.11	eerste	1	4	2	2
3.12	langer	1	4	1	1
3.13	die	1	4	2	1
3.14	baadjies	1	4	1	1
3.15	bril	1	4	1	1
3.16	bure/buurmense	1	4	1	2
3.17	<ul style="list-style-type: none"> • stokoud • horingoud (Enige EEN)	1	4	1	1
3.18	jaarliks	1	4	1	2
3.19	Do. (<i>hoofletter, punt na die afkorting</i>)	1	4	1	2
3.20	sy	1	4	2	1

DENKVLAK 1: 14/20 (70%) DENKVLAK 2: 4/20 (20%) DENKVLAK 3: 2/20 (10%) = 100%

SUBTOTAAL: 20

]

VRAAG 4: SINSTRUKTURE

[Verwerk uit: WEG, November 2008]

- Wanneer verlede tyd getoets word, moet ge- as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet te in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.
- Verder tel spelling nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag sê dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
4.1	Piet dra die emmer.	1	4	2	2
4.2	Hulle het klaar gewerk; daarom bêre hulle die gereedskap. <i>(Indien die kommapunt ontbreek, verloor die kandidaat nie die punt nie.)</i>	1	4	2	1
4.3	Koos is besig om aan die padskraper te werk. <i>(Hele sin moet uitgeskryf word.)</i>	1	4	2	3
4.4	Hoeveel hoenders is daar in die hok(?) <i>(Hele sin moet uitgeskryf word, penaliseer nie indien vraagteken weggelaat is nie.)</i>	1	4	2	1
4.5	<ul style="list-style-type: none"> • Koos sê dat hy amper klaar is. • Koos sê hy is amper klaar. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.6	<ul style="list-style-type: none"> • C • gaan slaap vroeg in die aand. • C gaan slaap vroeg in die aand. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.7	Die mans sit saans doodmoeg om die kampvuurtjie en gesels. <i>(Die volgorde moet korrek wees.)</i>	1	4	2	3
4.8	Die padskraper is deur Koos herstel .	1	4	2	2
4.9	Omdat dit so warm is(,) dra Piet 'n kortbroek. <i>(Indien "hy" i.p.v. "Piet" geskryf word, is dit verkeerd.)</i>	1	4	2	2
4.10	<ul style="list-style-type: none"> • D • moeg van die harde werk. • D moeg van die harde werk. (Enige EEN) 	1	4	2	1

4.11	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is 'n klip op die hoenderhok, sodat die hoenders binne kan bly. • Daar is 'n klip op die hoenderhok, sodat die hoenders kan binne bly. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.12	<ul style="list-style-type: none"> • Die woonwa se venster was oop. • Die woonwa se venster was oop gewees. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.13	Die bakkie se deure word (deur Piet) gesluit .	1	4	2	2
4.14	Piet sê: " Ek is honger. " leestekens✓, korrekte sin✓ (Die punt aan die einde van die sin moet binne die aanhalingstekens wees. Hoofletter tel as deel van leestekens.)	2	4	2	2
4.15	Koos het ✓ met 'n swaar yster gewerk . ✓	2	4	2	1
4.16	Hulle sal / gaan ✓ vars water in die watertenk gooi . ✓	2	4	2	2
4.17	Die besem is nie ✓ in die kroiwa nie . ✓	2	4	2	1
4.18	Nee, die hoenders slaap nog ✓ nie . ✓	2	4	2	1
4.19	Piet vra vir Koos of dit sy/Koos se ✓ hoed is . ✓ (Penaliseer nie indien vraagteken daar is nie.)	2	4	2	3
DENKVLAK 1: 10/25 (40%) DENKVLAK 2: 11/25 (44%) DENKVLAK 3: 4/25 (16%) = 100%					
SUBTOTAAL: 25					

VRAAG 5: REDIGERING[Verwerk uit *New Africa*, LO, Bl. 27, 84]

(145 woorde)

VRAAG	ASSESERINGRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
5.1	Dit is nie maklik om 'n tiener te wees nie .	1	4	2	2
5.2	Is jou kop nie ook soms vol negatiewe gedagtes en emosies nie ?	1	4	2	1
5.3	slegte	1	4	2	1
5.4	liggaam	1	4	1	2
5.5	Dit / dit	1	4	1	1
5.6	beter voel	1	4	2	1
5.7	wanneer/terwyl	1	4	2	2
5.8	tyd	1	4	1	2
5.9	jou	1	4	2	2
5.10	nuwe	1	4	2	2
DENKVLAK 1: 4/10 (40%) DENKVLAK 2: 6/10 (60%) DENKVLAK 3: 0/10 (0%) = 100%					
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

[Verwerk uit Google Images]

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> D “Jy kan nie bestuur nie; jy gaan net my tyd mors.” D “Jy kan nie bestuur nie; jy gaan net my tyd mors.” (Enige EEN) (Onsensitiewe taal)	1	4	3	3
6.2	<ul style="list-style-type: none"> C “Ons is ’n wenspan; dus weet ek ons gaan sukses behaal.” C “Ons is ’n wenspan; dus weet ek ons gaan sukses behaal.” (Enige EEN) (Oorredingstaal)	1	4	3	3
6.3	<ul style="list-style-type: none"> B “Jou skobbejak, jy praat nooit weer so lelik met Maria nie!” B “Jou skobbejak, jy praat nooit weer so lelik met Maria nie!” (Enige EEN) (Gevoelstaal)	1	4	3	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> D “As u ’n goeie hart het, sal u my hierdie keer verskoon.” D “As u ’n goeie hart het, sal u my hierdie keer verskoon.” (Enige EEN) (Manipulerende taal)	1	4	3	3
6.5	<ul style="list-style-type: none"> D “Die tieners van vandag is almal sonder maniere.” D “Die tieners van vandag is almal sonder maniere.” (Enige EEN) (Stereotipering)	1	4	3	3

DENKVLAK 1: 0/5 (0%) DENKVLAK 2: 0/5 (0%) DENKVLAK 3: 5/5 (100%) = 100%

SUBTOTAAL: 5**TOTAAL AFDELING C: 60**

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VRAAG 7: ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H de Vries**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
7.1	<ul style="list-style-type: none"> Hy het te veel gedrink. Hy was gereeld/altyd dronk. Hy het nie geweet wanneer om op te hou drink nie. Hy het altyd baie gedrink. Drank/alkohol. (Enige EEN) 	1	2	4	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy baard was rooi. Sy hare/kop was rooi. (Enige EEN) 	1	2	4	1
7.3.1	Onwaar	1	2	4	2
7.3.2	<ul style="list-style-type: none"> Hy het in die hotel gewoon omdat hy (a.g.v sy drankprobleem) al sy grond verloor het. Hy het nie 'n vaste blyplek gehad nie. Hy het kos gekry. Hy het nie nodig gehad om ver te loop nie. Hy was naby die kroeg. (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.4	<ul style="list-style-type: none"> C rugbyspan. C rugbyspan. (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.5	<p>JA.</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy het seker gemaak dat Rooikoos kos kry. Hy het 'n goeie manier gehad om met mense te praat. Hy het gekeer dat Rooikoos en die Barrydalers vuisslaan. Hy het Rooikoos nie gestop om te veel te drink nie. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE.</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy laat nie teenkanting toe nie. (Of soortgelyk) 	1	2	4	3
7.6.1	<ul style="list-style-type: none"> C ... was die gunsteling om die wedstryd te wen. C ... was die gunsteling om die wedstryd te wen. (Enige EEN) 	1	2	4	2

7.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... het geen kans gehad om die wedstryd te wen nie. • B ... het geen kans gehad om die wedstryd te wen nie. (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.6.3	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het gegil en geskree tydens die wedstryd. • E ... het gegil en geskree tydens die wedstryd. (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.6.4	<ul style="list-style-type: none"> • D • ... het teleurgesteld gaan sit en aan 'n grassie gekou. • D ... het teleurgesteld gaan sit en aan 'n grassie gekou. (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het gehelp dat hulle span nie verloor het nie/gelykop gespeel het. • Hy het gehelp dat Barrydale nie gewen het nie. • Hy was hulle held. (Enige EEN) 	1	2	4	1
7.8	<ul style="list-style-type: none"> • B • vergelyking. • B vergelyking (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.9	C Die Barrydalers het Rooikoos Barrydale toe gevat.	1	2	4	2
	B Die Barrydalers het Rooikoos se baard afgeskeer en sy kop swart gesmeer.	1	2	4	2
	D Rooikoos het in 'n vreemde kamer wakker geword.	1	2	4	2
	A Die kelner het vir Rooikoos koffie gebring.	1	2	4	2
7.10	<ul style="list-style-type: none"> • (Met) Jan. • (Met) die skoonmaker in die hotel op Rooikoos se dorp. • (Met) iemand wat in die hotel werk. (Enige EEN) 	1	2	4	1

7.11	<ul style="list-style-type: none"> Hulle het seker gemaak dat hy in die hotel was. Hulle het vir die nag in die hotel betaal. Hulle het hom in die bed gesit. Hulle het nie die geld gevat wat hy by hom gehad het nie. Hulle het hom nie beseer nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3
7.12	JA. <ul style="list-style-type: none"> Die losskakel sou die bal oorgeskop het. Barrydale het 'n baie sterk span gehad. Barrydale se span was goed genoeg om WP te kon klop. (Enige EEN of iets soortgelyk) OF NEE. <ul style="list-style-type: none"> Barrydale se span het daardie dag baie foute gemaak. (Of soortgelyk)	1	2	4	3
7.13	<ul style="list-style-type: none"> C daar altyd gevolge is vir die dinge wat 'n mens doen. C daar altyd gevolge is vir die dinge wat 'n mens doen. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) 20 = 100%					

OF

VRAAG 8: DIE OOREENKOMS – Dalene Matthee

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
8.1	whisky (Nie net alkohol/drank nie.)	1	2	4	1
8.2	Rusoord	1	2	4	1
8.3	<ul style="list-style-type: none"> B een van die ouetehuis se oudste inwoners oorlede is. B een van die ouetehuis se oudste inwoners oorlede is. (Enige EEN)	1	2	4	2

8.4.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... het kom sê van die waglys vir Willem se bed. • C ... het kom sê van die waglys vir Willem se bed. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het nog 'n motor gehad. • E ... het nog 'n motor gehad. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.4.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... het probeer troos bring na Willem se dood. • A ... het probeer troos bring na Willem se dood. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.4.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... kon dalk inligting oor die ooreenkoms laat uitlek. • B ... kon dalk inligting oor die ooreenkoms laat uitlek. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.5.1	Onwaar.	1	2	4	2
8.5.2	Die een wat sterf, moes 'n teken kom gee/kom sê of daar lewe na die dood is. (<i>Nie spook nie.</i>)	1	2	4	2
8.6	Matrone	1	2	4	1
8.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het die lig die hele nag laat brand. • Hy het tot baie laat televisie gekyk. • Hy het die Onse Vader opgesê/gebied. • Hy het sy whisky in die toilet gedrink. (Enige EEN)	1	2	4	1
8.8	<ul style="list-style-type: none"> • B • 'n vergelyking. • B 'n vergelyking. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.9	C 'n Maand na Willem se dood, het hy nog nie die teken kom gee nie. D Een middag om vyfuur, het Jakob die deur gesluit en die bottel uitgehaal. B Jakob het hard probeer om die bottel oop te kry, maar kon dit nie oopdraai nie. A Die horlosie het halfses geslaan en toe draai die prop gewoonweg los.	1 1 1 1	2 2 2 2	4 4 4 4	2 2 2 2

8.10	<ul style="list-style-type: none"> Jakob en Willem het gewoonlik om halfses hulle medisyne/whisky gedrink. Willem het om halfses die teken kom gee. (Enige EEN) 	1	2	4	3
8.11	<p>JA.</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy sou dan nie meer so alleen wees nie. 'n Mens kan weer nuwe vriende maak. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE.</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy het tyd nodig gehad om oor Willem te treur. Dis nooit maklik om 'n goeie vriend sommer net met iemand anders te vervang nie. As 'n mens oud is, raak jy nie maklik aan iemand anders gewoond nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	3
8.12	<p>JA.</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy het sy vriend baie gemis. Hy was so hartseer dat hy nie eens kon eet nie. Hy was bang vir spoke. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE.</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy het 'n interessante lewe gehad. Hy kon 'n ander kamermaat gekry het as hy wou. Die ander inwoners het hom bygestaan. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	3
8.13	<ul style="list-style-type: none"> D moet doen wat jy gesê het jy sal doen. D moet doen wat jy gesê het jy sal doen. (Enige EEN) 	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) = 100%					

OF

VRAAG 9: OPGANG – Ina Rousseau

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAKE
9.1	Hannetjie se man	1	2	4	1
9.2	'n (nuwe) naaimasjien.	1	2	4	1
9.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • toe het sy nie meer Lot se hulp nodig gehad nie. • B toe het sy nie meer Lot se hulp nodig gehad nie. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.4	C Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe masjien kom kyk.	1	2	4	2
	A Lot het onverwags by Hannetjie se huis aangekom.	1	2	4	2
	D Lot het gevra of sy 'n paar nate kon stik.	1	2	4	2
	B Hannetjie het Lot toegelaat om haar masjien te gebruik.	1	2	4	2
9.5.1	<ul style="list-style-type: none"> • D • “Jy weet ek wou nog altydmaartjies vir jou ene koop.” • D “Jy weet ek wou nog altydmaartjies vir jou ene koop.” (Enige EEN)	1	2	4	2
9.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • “Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem ...” • C “Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem ...” (Enige EEN)	1	2	4	2
9.5.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • “Pragtig-pragtig-pragtig! En sommer stinknuut!” • A “Pragtig-pragtig-pragtig! En sommer stinknuut!” (Enige EEN)	1	2	4	2
9.5.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • “As hy dit eerder gedoen het, het ek nie vandag met 'n vernielde voetjie gesit nie.” • B “As hy dit eerder gedoen het, het ek nie vandag met 'n vernielde voetjie gesit nie.” (Enige EEN)	1	2	4	2
9.6	In die sitkamer.	1	2	4	1

9.7	<ul style="list-style-type: none"> • Dit was die nuutste masjien in die straat. • Dit kon dinge doen wat hulle masjiene nie kon doen nie. • Die masjien het 'n skerp kantjie gehad wat die garing afgesny het. (Enige EEN)	1	2	4	1
9.8	<ul style="list-style-type: none"> • A • personifikasie. • A personifikasie. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.9	JA. <ul style="list-style-type: none"> • Hannetjie het nou haar eie masjien gehad. • Hannetjie kon in haar eie huis werk. • Hannetjie het nie nodig gehad om na iemand anders toe te gaan nie. (Enige EEN of soortgelyk) OF NEE. <ul style="list-style-type: none"> • Hannetjie sou dit net kon doen as sy geld vir lap gehad het. (Of soortgelyk)	1	2	4	3
9.10.1	Onwaar.	1	2	4	2
9.10.2	Lot is Hannetjie se skoonsuster.	1	2	4	2
9.11	<ul style="list-style-type: none"> • Hannetjie het altyd Lot se masjien gebruik. • Hannetjie en Lot was familie van mekaar. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3
9.12	JA. <ul style="list-style-type: none"> • Op haar manier het Lot tog ander mense gehelp. • Lot het Hannetjie altyd toegelaat om haar masjien te gebruik. OF NEE. <ul style="list-style-type: none"> • Lot was 'n snob. • Lot het sommer reguit vir Hannetjie gesê hulle was arm mense. • Lot het geïmpliseer dat Hannetjie 'n sukkelaar was omdat sy nie haar eie masjien gehad het nie. • Lot het neergesien op ander wat nie het wat sy gehad het nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3

9.13	<ul style="list-style-type: none"> • A • jou besittings nie van jou 'n beter mens maak nie. • A jou besittings nie van jou 'n beter mens maak nie. (Enige EEN) 	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) = 100%					

OF

VRAAG 10: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
10.1	<ul style="list-style-type: none"> • By 'n slaghuis. • In 'n/een of ander plaaswinkel. (Enige EEN) 	1	2	4	1
10.2.1	Onwaar.				
10.2.2	Oom Apie het nooit getrou nie.	1	2	4	2
10.3	<ul style="list-style-type: none"> • Oom Apie het allerhande los werkies vir hulle gedoen. • Oom Apie het messe geslyp. • Oom Apie het stukkende meubels reggemaak. • Oom Apie het deure reggemaak. • Oom Apie het lekkende dakke reggemaak. (Enige EEN) 	1	2	4	1
10.4.	<ul style="list-style-type: none"> • A • vir hulle mooi stories vertel. • A vir hulle mooi stories vertel. (Enige EEN) 	1	2	4	2
10.5.1	<ul style="list-style-type: none"> • D • ... was met oom Apie se jeugliefde getroud. • D ... was met oom Apie se jeugliefde getroud. (Enige EEN) 	1	2	4	2
10.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... het saam met oom Apie in die buitekamer geslaap. • C ... het saam met oom Apie in die buitekamer geslaap. (Enige EEN) 	1	2	4	2
10.5.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ...het vir oom Apie raad gegee. • A ... het vir oom Apie raad gegee. (Enige EEN) 	1	2	4	2

10.5.4	<ul style="list-style-type: none"> E ... was pligsgetrou en het hard gewerk. E ... was pligsgetrou en het hard gewerk. (Enige EEN) 	1	2	4	2
10.6.1	<ul style="list-style-type: none"> Oom Apie se jeugliefde. Die (skatryk) boer se vrou. Die vrou by wie oom Apie veertig jaar lank gaan gesels het. (Enige EEN) 	1	2	4	1
10.6.2	<ul style="list-style-type: none"> Al sy geheime. Dinge waarvan die ander mense/familie nie geweet het nie. (Enige EEN) 	1	2	4	1
10.7	<ul style="list-style-type: none"> C 'n metafoor C 'n metafoor (Enige EEN) 	1	2	4	2
10.8	D Oom Apie se jeugliefde se man het gesterf.	1	2	4	2
	B Oom Apie se jeugliefde wou met hom trou.	1	2	4	2
	A Oom Apie wou glad nie trou nie en het advies gaan vra.	1	2	4	2
	C Oom Apie is in sy slaap oorlede sonder om te trou.	1	2	4	2
10.9	<p>JA.</p> <ul style="list-style-type: none"> Oom Apie sou dan 'n vaste blyplek gehad het. Die weduwee kon hom versorg. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE.</p> <ul style="list-style-type: none"> Oom Apie was gewoon daaraan om te kom en gaan soos hy wou. Oom Apie was vir veertig jaar lank sy eie baas. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	3

10.10	<p>JA.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oom Apie het baie stories vertel. • Oom Apie het oral gehelp waar hy kon. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oom Apie was onbetroubaar. • Oom Apie wou nie verantwoordelikheid aanvaar nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	3
10.11	<ul style="list-style-type: none"> • Baie mense het hom geken. • Oom Apie het baie vriende gehad. • Baie mense het van hom gehou. • Oom Apie was welkom by almal. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	3
10.12	<ul style="list-style-type: none"> • C • gewoonlik tevrede is as dinge eindig soos jy dit wil hê. • C gewoonlik tevrede is as dinge eindig soos jy dit wil hê. (Enige EEN) 	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) = 100%					

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120